Klok van herinneringe miskien oud, maar lui steeds die nuwe era in

Onmisbare baken op skoolgronde is voorheen gebruik vir wissel van klasse

Vir jare reeds vorm die Ou Klok 'n onweglaatbare deel van Grey se ryke geskiedenis. In 1907 het Grey hom gesvestig op die gronde waar hy tans is.

Die Ou Klok het van toe af reeds gestaan waar hy nou staan (nou weet jy hockom dit die OU Klok is!). Oorspronklik was die klok gebruik om die begin en einde van periodes aan te kondig. Tydens dié klok se bestaan was dit al twee maal gesterel. Die huidige klok is dus nie die oorspronklike nie. Tog is die simboliek en betekenis dieselfde.

Maar wat maak hierdie klok nou juis so spesial? "Wanneer 'n Grey-seun aan die einde van matriek onder die Ou Klok deurloop en hy hoor die klok lui, sluit dit 'n era van sy lewe af en as hy deurgehou het, begin 'n nuwe era. Daarom staan daar op die marmerklip onder die klok: The First Reunion," verduidelik mn. Volsteedt, die skoolhoof.

Jaarliks word daar aan die begin van die vierde kwartaal van die matrieks afskeid geneem. Elke matriekseun loop dan oor die verhoog en groet vir mn. Volsteedt, asook die hoofleiers. Vandaar loop hulle uit die Reüniesaal uit en onderieur die Ou Klok, wat dan gelui word. Sodra hul onderieur is, is hul



Die Ou Klok het vir almal in die skool ewigheidswaarde, veral die matrieks.

Foto: Hanno du Preez

amptelik 'n oud-Grey.

Wimpie Greyenstein, wat vanjaar in matriek was en olangs, soos duisende ander oud-Grey's voor hom, onderieur die klok geloop het, beskryf dié ervaring soos volg: "Dit was vir my 'n besondere ervaring. Groter nog as

die klok was die wete dat ek ná 12 jaar by Grey moet aanbeweg. Die Ou Klok sal my daarom altyd aan my laaste dag as skolier herinner".


Die Ou Klok het dus belangrike simboliese waarde, en word daarom met respek hanter. "Baie seuns sal eerder deur vuur

loop as om sommer net onderieur die Ou Klok te loop," sê Wimpie.

Die Ou Klok is een van Grey se oudste tradisies. Soveel groot geeste het al daaronder deur gestap. Waarlik, die Ou Klok self is 'n stuk ryke geskiedenis.

- Malan Bosman

Dié gewilde kletskamer het mos 'n magdom vensters



Facebook... waaraan laat dit jou dink? Sosialisering, nuwe vriende, 'n manier om jouself uit te beeld of om vir al jou vriende te wys waarvan jy gemaak is. Eintlik is dit baie meer. Kan Facebook jou "brein verander," en as dit kan, in watter opsig?

Op 19 Oktober 2011 verskyn daar 'n berig in die City Press waar vrymoediges wat lede was van Facebook, in 'n driedimensionele skandeerder geplaas is om te toets of daar enige veranderinge in die brein is in verband met Facebook. Die toets is gedoen deur dr. Geraint Rees, 'n neuro-chirurg. Die persone met 'n groot

vriendelik het digter strukture getoon in drie dele van die brein.

Hierdie drie dele is verbind as die krag om te sosialiseer. Twee van die dele word gebruik om te kommunikeer en gesigsuitdrukkings te herken. Die ander deel word gebruik vir name en gesigte.

As jy dink dit is oulik, daar is meer. Met verdere toets is ook gesien dat dit die emosionele deel van die brein vergroot. Daaruit is ook afgelei dat verskillende dele van die brein gebruik word vir verskillende soorte sosialisering. Dr. Rees sê egter dat dit nie noodwendig goed is nie. Dit kan ook aandag-afleibaarheid beteken.

Is al hierdie wetenskap waar? Om uit te vind, is leerders ondervra of hulle dink dit is waar. Verbascend het 70% van die leerders gesê dat hulle dink dit is onwaar. Die wat gedink het dit is waar, dink dat dit moontlik is jou dat Facebook jou brein lui maak en jou spelling verswak. Van die leerders het twee getuig dat dit met hulle gebeur het.

Facebook is dalk meer as net 'n kletskamer. Dit kan dalk maak dat jy beter kan sosialiseer, name en gesigte onthou en emosies handhaaf. Skaf maar Facebook op jou rekenaar of selfoon aan. Dalk "verander dit jou brein".

- Louis Schoonwinkel

Stand up and be counted

Have you been counted? That was the question being asked from 10 to 31 October, when South African citizens all over the country were counted as part of the nationwide census. Citizens from all corners of the country received questionnaires concerning domestic information.

The government intends using the census results to determine where the country's population resides and what access to basic services people have. The government's main purpose is to see whether or not our country is developing.

As this purpose is very important, many people have occasionally questioned how accurate the census is, as it is conducted on such a large scale. Itumeleng Mohale, a lawyer at Symington & De Kok, says, "I don't think the census will be very

accurate. A number of people I know, including myself, have not been counted. This is just going to be another false statistic."

Many people who have not been counted believe the census is to find out the number of people in the country. That is true, but the information concluded from the census will give planners not only a picture of how many people are living in the country, but also what their living conditions, as well as access to basic services, are. It is important to be counted, as census is used for planning purposes.

If any persons have not participated, the data collected will not be a true reflection of the South African population. The South African government, as well as the private sector, need accurate information for effective planning and policy making.

- Keorapetse Matshele

KFC Bloemfontein

**Proud Supporter
of Grey College**

KFC Bloemfontein 1 (Zastron Str.)
KFC Bloemfontein 2 (Curie Ave.)
KFC Bloemfontein 3 (St. Andrews Str.)
KFC Bloemfontein 4 (Harvey Rd.)
KFC Mangaung (Cnr. Mashoothe & M10 Rd.)
KFC Langenhovenpark
(Cnr. Bankovs Blvd & Dirk Opperman Str.)

051 447 5500
051 522 0923
051 447 4084
051 448 1430
051 435 8836
051 446 4841



Die dissipline van nuwelingie raak elke jaar al hoe swakker

Ouer leerders en onderwysers is van mening dat die graad-8's elke jaar al hoe moeiliker word om te beheer en te hanteer. Me. Benita Hancke, rekeningkunde-onderwyser (wat vanaf graad-8's tot matrieks klasgee), sê dat die probleem ontstaan as gevolg van 'n gebrek aan dissipline in leerders se ouerhuise, asook op laerskool.

Die eerste vraag is of oriëntering sy funksie vervul. Me. Hancke bevestig: "Dit dra verseker by tot 'n samehoringsgevoel tussen leerders, indien dit onder toesig plaasvind". Mn. Dries van der Wal, adjunkhoof, sê dat ontgroening daar is sodat leerders die omgewing en skool beter leer ken, terwyl die kennis en respekte vir die geskiedenis en tradisies oorgedra word.

Volgens me. Hancke het die meeste graad 8's nog nie by die skool "ingegekoop" nie. Tans word ouers in kennis gestel (via SMS of oproep) van hul kind se wangedrag. Mn. Van der Wal noem dat algemene probleme tydens registerperiodes en saalbyeenkomste aangespreek moet word.

Of volgende jaar 'n verbetering sal wees, sal bepaal word deur die huidige leerders. Die hele skool lewer 'n bydrae tot die skool se dissipline. Mn. Van der Wal noem dat dit die kleiner dingetjies is wat die skool uithef op alle gebiede. Hy voeg by, die beste manier om verandering te bring is deur die regte voorbeeld te stel, toon van respekte vir meerderes op stoepes en in klasse, die uitleef van positiewe Grey-tradisies en om te alle tye 'n goeie voorbeeld te stel.

- Willie Kotzé



Tel: 057 899 1113 · Sel: 082 561 4995
e-mail: rhsafaris@yahoo.com

Trotse borg van die Cherries



Bridal & Evening Collection
Exclusively Designed Garments by Sanette van Schalkwyk

+27 79 496 0747 · manager@fashionation.co.za
www.shiftingsands.co.za / www.fashionation.co.za

Gaddafi groet grusaam

Groot feesvieringe volg na Libiese diktator se afsterwe



Die vreugdevure het op 20 Oktober 2011 hoog gebrand in Sirte, Libië. Kolonel Muammar Gaddafi het gesterf, hier waar hy op 7 Junie 1942 gebore is. Sy grusame dood herinner aan die wyse waarop hy geleef en sy 'onderdane' behandel het: wrede en genadeloos.

Krete van "God is groot" en "Sirte is bevry", het oor die stad werklink. Jonges het deur die strate met Gaddafi se ikoniiese goue rewolwer paradeer en vreugdeskote afgewuur.

Gaddafi het in 1969 na 'n staatsgreep aan bewind gekom as opvolger van koning Idris. Hy was bekend as leier van die Libiese-Arabiese Republiek tot 1977 en later as die sogenaamde 'Broederleier' tot met sy dood. Me.

Hester Roos (taalonderwyseres) meen: "Hy was 'n voorstander en proponent van Afrika-eenheid en 'n leier in die geveg vir Arabiese nasionalisering".

Gaddafi was vir 42 jaar 'n magsbehepte diktator wat internationale terreuraanvalle en aktiwiteite georganiseer en aangevuur het. Die olerykdom van Libië is deur hom verkwansel vir selfvervryging en sodat hy sy greep op mag kon behou. Hy het selfs met China onderhandel om 'n kernbom te bekom.

Die Verenigde Nasies het sy wandade teen die mensdom aan die Internasionale Kriminele Hof gerapporteer en die inhegtenisname van Gaddafi is beplan. 'n Nato-koalisie, bestaande uit onder meer Frankryk en Brittanje, het

teen Gaddafi en sy ondersteuners opgetree. Op 20 Oktober 2011 is die konvooi met die voortvlugende Gaddafi deur 'n Franse lugaanval getref.

Vegters van die Nasionale Oorgangsraad het hom gevange geneem waarna hy aangerand en aan 'n kopskoot beswyk het. Malan Bosman (graad 10) voel dat enige mens verdien om met waardigheid behandel te word. Gaddafi is op 'n onbekende plek begrawe.

Mnr. Ingo Machts (geskidenisondervyser) sê: "Die aangeklagde moet in 'n formelehof aangekla word en indien skuldig bevind, gesraf word". Hy sê ook: "Ná die bloedige gebeure in Libië gaan dit groot staatsmanskap verg om Libië weer te verenig".

- Daniël Steenkamp

HISTORY

Grey

50 years ago

At the beginning of 1961 mr AK Volsteedt had been the principal for a couple of months. On 12 October 1960 the staff approved the concept of colours for academic achievement for the first time.

In 1961 the Union of South Africa became the Republic of South Africa. On 14 April 1961 the minutes of the staff meeting noted that it was about time that the school should get a school song. A country-wide competition was launched to invite all interested



Mr AK Volsteedt

parties to compose a school song.

During February 1962 all the entries in the competition were considered by the executive committee of the staff. Their recommendation was accepted by the rest of the staff during a staff meeting held on 2 February 1962. The words of the school song were submitted by PH Langenhoven. Eventually the tune submitted by mr Jurie Fourie was accepted as the most suitable. At the Prize-giving ceremony on 11 October 1962, the School Song was officially sung for the first time.

SMS language is the '3asy w4y owt, or nt?'

SMS or MXIT language has been a problem for many years when it comes to the aptitude of a scholar. SMS language consists mostly of abbreviations and shortening of words by leaving out or replacing certain letters in words simply to make it shorter and easier to type.

SMS language was invented to cut down on cost of SMS and to improve the rate at which a person types, but this advantage comes with many disadvantages such as, a decrease in language ability, spelling aptitude and has taken its toll on the scholars' marks.

Studies performed on scholars from both South Africa and America have shown a rapid decline in language marks and that many of the teachers who are involved in teaching these subjects have faced problems with SMS language.

Grey College is one of hundreds of schools world-wide that suffer from the effects of SMS language due to its academic goals and high standards set for learners to strive for. The problem of language deterioration is also felt by most of the language teachers at our school. The majority of them feel that the problem might lead to a lack of ability in languages in the near future.

Today's LESSON

OMPFCIKM = Ouch My Prefrontal Cortex Is Killing Me

LMAIJHABI3YA = Leave Me Alone I Just Had A Baby 13 Years Ago

DTMS = Don't Touch My Stuff

LOLN = Laugh Out Loud. Not.

ROTFBMEO = Rolling On The Floor Bawling My Eyes Out



When asked his opinion on SMS language mr Marcel Cronjé (a language teacher at Grey College) said, "I suppose it is something which we will have to learn to accept, as technology rules our lives".

He mentioned the following, however, "In the school situation, however, we should still teach and demand correct language usage and structure. I have definitely noticed a shocking decline in the spelling ability of learners in their written pieces due to SMS

language".

It would appear that such overuse of SMS language might lead to changes in the structure of language if not prevented in some way. The use of correct and complete language should be strongly encouraged in all educational institutions.


Although most effects can be positive if handled correctly, we should also be aware of negative effects of the overuse of SMS language.

- James Parsons



Plaas die klem op kondisionering en nie op oormatige spierbou nie

Voldoen die skoolgimnasium steeds aan alle seuns se primêre behoeftes?



Grey se sportbeheer het besluit om die Gym só te verander dat die resultate nie op die bou van spiermassa konserneer nie, maar wel op sportweldresultate. Die idee is om nie meer die verlede se spierboutegenieke te gebruik nie, maar om seuns beter te kondisioneer. Hierdie manier van oefen betrek alle sportsoorte.

Grey-leerders is met die volgende aspekte ontevreden: Die Gym speel nie "jeugmusiek" wat jou help om moed bymekaar te skraap en dus beter te presteer in die gimnasium nie. Gym personeel verkiets OFM, of geen musiek. Al die spieëls is ook verwijder. Daar is gerugte dat Gym-personeel sê dat jy daar is om te oefen en nie om vir jouself te kyk nie.

Seuns kort spieëls om te kyk dat die vorm van hul tipe oefening korrek is en natuurlik vir selfmotivering. Seuns word slegs sekere tye in die Gym toegelaat en nie in die ooggend voor skool nie, maar daar is wel onderwysers wat toegelaat word.

Gary Player het gesê: "The more you practise, the luckier you



get!". Indien 'n seun in 'n oefengroep ingeslui is mag hy slegs sy program volg en niks meer soortgelyke oefeninge doen om 'n stappie bô 'n kompetenderende sportman te wees nie.

Die verandering by Grey het geleei tot 'n afname in seuns wat by die skool oefen. Leerders het by privaat-gimnasiums aangesluit waar seuns in hul vrye tyd kan

oefen. Hul hoof dan geen roetine te volg en daar is geen Gym-personeel wat aanmerkings maak oor hul oefening nie. SARU het dié jaar gekla dat hedendaagse rugbyspelers nie aan die gym vereistes voldoen nie. Ek hoop Grey se Gym het hierdie klagte ernstig opgeneem en probeer die probleem oplos, aangesien ons die top rugbyskool in die land is.

Seuns moet lojaal wees teenoor Grey en daarom is daar 'n saalperiode gereel waartydens die seuns en al die Grey-Itec personeel die bogenoemde moet uitklaar.

Leerders sê dat daar 'n onaange-name atmosfeer in Grey Itec is. Seuns spot dat Grey se Gym-personeellede die beste bemarkers is van Bloemfontein se ander gimnasiums.

How do you explain to someone what Top Gear is about? I will tell you exactly: Cars. Expensive cars, reasonably-priced cars, luxurious cars, slow cars, fast cars and very fast cars - well, mostly the latter. That, as well as the destruction of a caravan or two, is what it is all about.

Cars presented on Top Gear are absolutely pushed to the limit, in most cases, by our three presenters and the famous man in the white suit, the Stig.

The cars are tested, tried and given the thumbs up, or not, by these car fanatics, who review each car from a very critical perspective, according to all their different attributes. Destroying caravans has recently also become a very popular segment of the Top Gear series - caravans and Morris Marinas, that is.

Top Gear Specials have seen these three presenters explore the world, taking trips to the North Pole, Africa, the Amazon Forest and many other parts of the world to complete specific challenges in a car, of course - kitted out by their studio crew.

Hammond and Clarkson have been presenting Top Gear together since the first series of its relaunch in 2002, showcasing 17 series and 139 episodes since then. Another presenter, Jason Dawe, assisted them at the time. James May then replaced Dawe in the second series, and has been there ever since.

Top Gear has become a TV series that has gained the approval of millions of viewers across the world and will continue to do so.

- Matthew Wilken

Kings of Leon kraai koning op hul 'rock'-troon

Kings of Leon is 'n Amerikaanse groep wat in die laat 90's ontstaan het. Die groep is oorspronklik van Oklahoma, maar het in Nashville, Tennessee hulle ontstaan gehad.

Die groep bestaan uit drie broers, Anthony Caleb Followill (hoofsanger en kitaar), Ivan Nathan Followill (tromme) en


Michael Jared Followill (baskitaar en sanger) saam met neef Cameron Matthew Followill (hoofkitaar).

Die groep het ontstaan as 'n uitvloeisel van familietrots, en die groep is na

hulle oupa Leon vernoem. In die vroeë jare was hulle musiek meestal 'n mengsel van "blues" en "soft rock". Hulle het mettertyd ontwikkel tot 'n alternatiewe "rock band".

Die Kings of Leon het al groot sukses oor die jare behaal, met 'n totaal van nege top-40 "singles". Hulle het ook in die harte van alle "rock"- liefhebbers ingespeel met hulle derde album, Because of the Times. Hulle bekendste treffers, "Sex on Fire" en "Use Somebody", was albei nommer 1 op die "rock charts". Die groep is 'n "classic" in die harde musiek genre, en is 'n moet vir alle aanhangars van "rock". Die treffer, "Sex on Fire", sal veral onthou word as die nommer wat vir Idol-deelnemer, Dave van Vuuren, 'n goeie hupstoot gegee het. Hulle Suid-Afrikaanse konserte was uitverkoop.

Bob Sands



HOBBIT

BOUTIQUE HOTEL

ESTABLISHED 1993

★★★

SPESIALE NAWEEKAANBOD

R600 per kamer per nag. Ontbyt ingesluit.



Jannie van der Westhuizen (Oud-Grey)
TEL / FAX (051) 447 0663
CELL 083 324 8099

info@hobbit.co.za · www.hobbit.co.za

19 PRESIDENT STEYN AVE · WESTDENE · BLOEMFONTEIN



Free State's only representative works hard to rise to the occasion

Multitude of tournaments keep shaping water polo team for the future

Water polo at Grey has come a long way since its introduction as an official sport in the 1970s.

It is a sport that has gained popularity amongst boys over the years and even though Grey is currently the only school in the Free State with water polo as an official sport, the teams have risen this year to the challenges set before them.

The teams, under guidance of Mr Flos Pretorius, followed a strenuous fitness programme to prepare themselves for the water polo season.

During the cold winter months of June/July the swimmers trained at the varsity swimming pool, combined with strength training at the gym.

They practise from Mondays to Thursdays and follow a diet rich with protein shakes for muscle endurance. No wonder the girls like water polo players!

The first team was captained by Daniell de Jager and Sebastian Greeff for the first and second half of the year, respectively. The boys participated in a number of tournaments, of which the one hosted by St Stithians in Johannesburg proved to be their favourite, as it was the first time that the newly elected first team toured together.

The biggest event hosted by Grey College this year was the



The water polo players work hard and improve all the time.

prestigious ITEC u/14 water polo tournament. Twenty of the country's top water polo teams were invited to participate.

This year the weather played along and spectators could enjoy watching water polo matches of a high standard. Was it Essie (the

team's mascot) or the Grey supporters that led to the success of the U/14 water polo team?

This enthusiastic team has risen to the occasion by reaching the quarter final and ended the tournament in a well-deserved fifth place!

Photo: Sinclair Duckitt

The vision of Mr Pretorius to establish Grey as the best water polo team in South Africa might become a reality for 2012. Many boys regard water polo as a sport that can also help with preparation for winter sports.

- Jason Long

Vreesaanjaende 'haka' beklink sege

Grey-leerders sien altyd uit na die aktiwiteite van die "Past vs Present"-dag.

Dit behels vele sportaktiwiteit, van skaak tot rugby, wat groot opwinding verskaf. Die rugbywedstryd tussen hoërskoolonderwysers en -afrigters teen die laerskool-onderwysers en -afrigters was 'n groot kragmeting.

Talle leerders het met groot

verwagting op die hoofrugbyveld se pawiljoen gaan sit, om hul onderwysers en afrigters te ondersteun.

Die wedstryd is geopen deur 'n 'haka' van die hoërskool-span wat verseker vrees in die ander span ingedring het. Die eindtelling van die wedstryd was 31-17 in die guns van die hoërskoolspan.

Frans Wessels, 'n graad 10

leerder, sê: "Ek glo dat een van die faktore wat die hoërskoolspan op die voorvoort gesit het was die haka, wat mn. Barry Schutte geleid het. Dit het die laerskoolspan baie geïmpondeer."

Sommige onderwysers en afrigters het vir die eerste keer in hul lewe op Grey se hoofrugbyveld gespeel. Mn. Barry Schutte sê: "Dit was 'n voorreg om in die Grey rugbytrui te speel en die gees en tradisie van die skool teervaar".

Hy sê: "Dit was ook lekker om al die leerders op die paviljoen te sien, hoe hulle die gees gelig het nadat ons die 'haka' gedoen het. Dit is ook 'n groot ervaring om op dieselfde veld te speel waar verskeie Springbok rugbyspelers hul loopbane begin het".

Daar was ook 'n paar oud-Greys in die span. Mn. Putu Pretorius sê: "Vir'n oud-Grey is dit altyd'n besonderse ervaring om vir Grey te speel. Dit was nog altyd en sal altyd wees. Die wedstryd is in 'n goeie gees gespeel. Ek dink die feit dat die laer- en hoërskoolspan se personeel so goed oor die weg kom, het die wedstryd soveel meer pret gemaak".

Die oud-Greys wat gespeel het was mn. Putu Pretorius en mn. Wessel du Plessis (personeellede) en 'n klomp van die huidige afrigters soos Nico Venter, Liam Nel en Hano Botha.

- Donovan Edeling



Die straatmyl is vir baie seuns 'n hoogtepunt. Foto: Hanno du Preez

RESULTS

Athletics



Paul Roos/Matie Dream Mile Athletics Meeting

First places

Ruhan Alberts	
/17 High jump	1,95m
Ruhan Alberts	
/17 Long jump	6,44m
Andries Kruger	
/17 Javelin	48,88m
Jan-Willem Ras	
/17 1 500m	4:09,1 sec
Philip Botha	
/15 Discus	54,48m
Ruben Fraser	
/15 Javelin	52,99m
Jacques Grobler	
/15 200m	23,57 sec

Second places

Bennie Prinsloo	
/17 800m	2:00,29 sec
Francois Agenbag	
/15 200m	22,87 sec
Ruben Marnewick	
/15 400m	52,55 sec
Daniël Rust	
/15 Shot put	16,68m

Third places

Johan du Toit	
/17 100m	11,43 sec
Christiaan Lubbe	
/17 200m	22,74 sec

Spoedige sewes sorg vir sukses

Sewesrugby is 'n vinnige, hoogs vaardige, afgeskaalde variant van rugby, met die klem op hardlooprugby, vinnige balhanteering en die druk van driec.

Met korter vaste fasette beweeg die spel vinnig wat groot opwinding skep. Enige Grey-seun sal dus hiermee kan identifiseer.

Hierdie jaar is die eerste provinsiale @lantic Sewesrugbytoernooi aangebied. 'n Toernooi, waaraan 'n aantal Vrystaatse skole deelgeneem het, het as proewe vir die Vrystaat se Sewesspan gedien.

Grey, wat hul eerste wedstryd teen Jim Fouché verloor het, het steeds tot die finaal deurgebring, waar hulle teen HTS Louis Botha te staan gekom het. Grey wen die wedstryd 34-21.

Na afloop van hierdie toernooi is drie Grey-seuns, Meyer van Tonder, Henco Greyling en Pieter Faber, in die Vrystaatspan ingesluit. Hierdie span het goed gevaa op die provinsiale toernooi, maar moes ongelukkig in die finaal teen die Blou Bulle, die knie buig, Henco Greyling, wat onderkaptein was, is na afloop van die toernooi in die SA Skole-Sewesspan ingesluit.

Henco het die volgende oor Sewes te sê: "Sewes is baie lekker, maar baie vinnig en hard. Jou fiksheid moet op 'n ander vlak wees". Hy sê ook hy dink dat Grey meer betrokke moet raak by Sewes. Dit is 'n groeiende sport en Grey kan van die beste Sewes-spelers oplewer.

- Jan Willem Ras



MEDICLINIC
BLOEMFONTEIN

**24-UUR
NOODENTRUM
0800 051 051**

ONS NOODSPAN STAAN REG OM TE HELP IN ENIGE MEDIESE NOODGEVAL.

KUNDIGHEID WAT JY KAN VERTROU.



STABILIS

S

Wilgerlat word nie gespaar vanjaar

Belowende eerste krieketspan bewys dat talent tesame met goeie spangees 'n wenresep is

Heinrich Roberts is 'n belowende veelsydige speler in die eerstespan.

Foto: Verskaf



"Dit was 'n hoogtepunt!" So beskryf die eerste krieketspan se afrigter, mnr. Pierre Hugo, hul oorwinning teen Afrikaans Hoër Seunskool hier op ons hoofd. Die eerstespan het vir Affies in 'n naelbyt-wedstryd met 5 paaltjies geklop.

Bekende name soos Jacques Rudolph, AB de Villiers en Heino Kühn is almal oud-skoliere van Affies, wat bewys dat die skool se krieketstandaard hoog is. "Ons het die afgelope jaar teen Affies verloor en dit maak hierdie jaar se oorwinning net soveel meer spesial," meen Heinrich Roberts, 'n lid van die span.

Hierdie wedstryd is ook 'n goeie weerspieëling van die seisoen. Soos mnr. Hugo sê: "Die eerstespan het baie goeie krieket gespeel en het die afgelope seisoen nie verloor nie". Die eerstespan het inderdaad 14 wedstryde gespeel en was elke keer aan die wenkant.

James Parsons, die span se tellingshouer, sê die volgende: "Ek glo dat dit 'n baie suksesvolle seisoen was. Indien hierdie span volgens hul vermoë kan speel, kan ek nie sien dat enigiets hulle sal stop nie".

Ses van die span se lede (waarvan twee matrieks), is ook die afgelope seisoen in die o/19-Vrystaatsspan ingesluit. Corné Dry, 'n matrikulant en gewese lid van die span, is ook as kaptein van die span aangewys. By die o/17-ouderdomsgroep is daar vyf eerstespanspelers ingesluit, met Fritz van Schalkwyk as kaptein.

Volgens Heinrich en mnr. Hugo lyk die toekoms goed. In mnr. Hugo se eie woorde: "As die span hul voete op die grond hou, doelgerig bly en aanhou hard werk kan dit 'n baie goeie jaar vir Grey se krieket wees."

- Pieterjan Eloff

Medals rain down for hard-working athletes

"On your marks... Get set... Go!!" The fourth term was a very active and busy term for all our hard-working athletes.

The Grey athletes once again proved why Grey is so highly rated amongst the top schools in South Africa.

"Grey athletes took part in several meetings, of which the Paul Roos Dream Mile meeting, the Grey/Oranje Clover meeting and the Jim Fouché Invitation Athletics meeting were some of most important ones," according to Mr Pieter Viljoen, athletics organiser at the school.

"The concept of maximum

coverage and exposure afforded to athletics led to several outstanding achievements and memories that would last a lifetime," Henlou Roberts, a promising young athlete, mentioned during an interview.

"Our athletics team performed exceptionally well and set themselves high standards of achievement," according to Ruhan Alberts, who achieved two first places at the Paul Roos Dream Mile meeting, held in Stellenbosch. In total, the team collected seven gold medals, four silver and nine bronze medals.

Grey repeated the quality of

these achievements during the Grey/Oranje Clover meeting, held on 15 October 2011. Masego Sesele is one of the Grey athletes who rose above the rest and needs to be watched in future. His performance in the 100m hurdles was exceptional, with an excellent achievement according to the SAU table of 979 points.

Masego also came first in the 100 meters for boys under 14. Some of the other athletes who need to be mentioned are Phillip Botha and Daniel Rust, who both achieved first places in shot put. Overall the athletics team achieved six first places, ten

second and five third places.

At the Jim Fouché Agricultural Products Invitational meeting, Grey College was fortunate that several of the boys stood out and collected medals. They were awarded with no less than 18 gold medals, 17 silver and 12 bronze medals.

Masego Sesele collected three of the 20 gold medals. Special mention can also be made of Frikkie du Toit, Johan du Toit and Daniël Rust. With these achievements Grey athletics can really look forward to a promising year in 2012.

- Armand Pretorius



Official sponsor
of Grey Sport



BlackBerry Curve 8520 Smartphone

+BlackBerry Internet Service
+R135 Airtime Value PM

Available from only
R175*

On Top Up 135

Includes
BlackBerry
Internet
Service
values R135
R1416

Per Minute Billing Only. *Terms & Conditions apply.
For full Terms & Conditions please visit vodacom.co.za. E&OE

**3 Collins Road
Westdene
Bloemfontein
051-447 2000**

vodacentre



vodacom